



eduresourceza.com

GRAAD 12

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONEL TAAL
VRAESTEL 2: NASIENRIGLYNE**

**JULIE 2024
PUNTE: 100**

VRAAG 1 Greg vertrek na Stellenbosch

- 1.1.1 Universiteit van Stellenbosch (1)
- 1.1.2 Greg se ma (1)
- 1.1.3 Alles wat vir Greg voorlê, is goed wat John nooit sal kan doen nie. / Greg is gelukkig om die geleenthede te kry. / (1)
- 1.2.1 Xander Gericke (1)
- 1.2.2 Xander wou die persone van Project Nursery Rhyme ontbloot. / Hy wou wraak neem op wat met sy pa gebeur het. (1)
- 1.2.3 Greg se pa was arresteer. / Greg voel asof hy sy pa uitgelewer het. / Greg se ma is eensaam. / Greg se gesin is verbrokkel. (1)
- 1.3.1 Thomas Lawson (1)
- 1.3.2 TJ het aan die polisie vertel dat Greg 'n kuberkraker (hacker) is. (1)
- 1.3.3 Project Nursery Rhyme (1)
- 1.3.4 Kwanele (1)
- 1.4.1 moord en terrorisme / moord (1)
- 1.4.2 Kgosi Mapuru II-gevangenis / Pretoria Sentraal (1)
- 1.5.1 Greg se pa het vir hulle 'n trustfonds / trustgeld gelos. (1)
- 1.5.2 Chloe Adams / 'n kunsstudent (1)
- 1.5.3 Chloe nooi vir Greg na die Vensters-opvoerings. (1)

**[15
]**

VRAAG 2 Pakkies en Boodskappe

- 2.1.1 Daar is formules en diagramme van chemiese middels in die boek.
Daar is kriptiese notas.
Die naam Valkyrie verskyn op die laaste bladsy. (slegs een feit) (1)
- 2.1.2 Mev Trollip / Rian Trollip se vrou (1)

- 2.1.3 Greg plak die gebrande boek **agter die Conrad Botes skildery**. (1)
- 2.2.1 'n skootrekenaar / laptop (1)
- 2.2.2 Xander wil hê Greg moet die transponder in sy hand inplant. (1)
- 2.2.3 Greg is bang om die inplanting te doen. / Hy vertrou nie vir Xander nie. / Hy dink hy sal daardeur deur Xander beheer word. (1)
- 2.2.4 Greg moes sy rekenaar en selfoon vernietig. (1)
- 2.3 By Greg se woonstel was ingebreek. Op die skuifdeur is 'n boodskap in bloedletters vir hom agtergelaat. Die boodskap waarsku Greg en sy vriend **om die Baker uit te los**. ✓ Greg ontvang ook **foto's** ✓ op sy rekenaar van sy ma in die winkelsentrum wat bevestig dat sy deur die Baker se mense agtervolg/dopgehou word.
- 'n Stem uit die aanhoudingselle skree vir Greg dat **sy pa sal doodgemaak word** ✓ indien Greg nie die Baker uitlos nie. Wanneer Xander 'n video van sy pa se teregstelling ontvang, dink Xander dat Greg dit aan hom gestuur het omdat **Greg 'n video van Tom se lyk aan hom gestuur** ✓ het.
- Oom Dirk spoor vir Greg op nadat **Plank vir Lisa laat weet het waar hulle was**. ✓ **Greg se ma het vir oom Dirk gestuur** ✓ om vir Greg te gaan soek.
- Oom Dirk deel met Greg dat **Dok Pienaar dood** ✓ is en sy **pa in die waakeenheid** ✓ is nadat hulle in die tronk aangeval is. (8)

[15
]

VRAAG 3 Op die Baker se spoor

- 3.1 Ons het op die Baker se rekenaar (dumpster diving) sy adres gevind. (1)
- 3.2 Ek het sonder Xander en Ayla die adres besoek en die Baker het my gesien. (1)
- 3.3 Accademia-gallery / die gallery-museum in Florence (1)
- 3.4 Daar was 'n kerk/katedraal (San Giorgio Maggiore) in die agtergrond van die Baker se webkamera. (1)
- 3.5 Plank het veroorsaak dat die Baker ons opspoor. / Plank het Candon se foon gebruik om jou te bel. / Met plaaslike inwoners vriende gemaak. (1)
- 3.6 Hulle het vir Plank in 'n solder(kamer) aangehou. (1)

- 3.7 Die Koninklike Tuine / Giardini Reali (1)
- 3.8 Plank het vir my 'n boodskap op die selfoon gestuur. (1)
- 3.9 Die Baker het die gif in 'n pet geplaas. (1)
- 3.10 Project Coast (1)
- 3.11 Plank (1)
- 3.12 Uitschotkraal (1)
- 3.13 Xander sou die Baker se data na die owerhede / media versprei. (1)
- 3.14 Xander skiet die Baker dood. (1)
- 3.15 Die transponder in Plank se hand het my informasie daarop en daarom dink die mense dit was my liggaam. (1)

[15
1]

VRAAG 4 STRING MOORDE

Die Baker se betrokkenheid by Project Coast en Nursery Rhyme het die dood van baie veroorsaak.

Regter Gericke is vermoor / versmoor deurdat 'n **binneband oor sy kop** getrek was. Dit was **Valkyrie se idee** om regter Gericke op die manier te vermoor. **Die Baker het 'n video-opname** van die teregstelling gemaak en daarna die liggaam van regter Gericke **in die see gegooi**.

Greg het vir Tom by Lawson Kollege as 'n **terreinbestuurder** ontmoet. Tom was ook Xander se vriend en by **kuberkrakery betrokke**. Greg stuur vir Tom na Stellenbosch om vir Greg in te lig dat hy **nie met Greg wil werk** om die Baker te vind nie. Tom se lyk is onder die **Eerstrivierbrug** gekry en sy **tong was uitgesny**. Greg weet dat dit Tom is omdat hy nogsteeds die **t-hemp** van die vorige dag (met die Anonymous-hacktivistgroep se logo) dra.

Rian Trollip en Sebastian Stadler **was neefs** en het soos broers grootgeword. Rian Trollip word arrester vir die besit van **kinderpornografie**. Alhoewel Rian Trollip en Sebastian Stadler **neefs** was, het Stadler vir Rian Trollip laat vermoor en dit na selfmoord laat lyk omdat Rian **die polisie wou inlig oor Project Coast / Project Nursery Rhyme**.

Dok Pienaar was in **die tronk** met 'n **skerp gemaakte tandeborsel** vermoor. Chris Owen het **teruggeveg** en het die aanval oorleef, maar is in die waakeenheid.

Plank is in die water in die **Canal Grande** deur **Valkyrie** (se mense) geskiet. Plank verdien nie om te sterf nie omdat hy slegs sy vriende wou help met hul wraak op die Baker (**enige logiese antwoord**).

D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II AFDELING A

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

INHOUD (20)	<i>Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne.</i>
TAAL EN STRUKTUUR (5)	Struktuur: logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
5 punte	Struktuur: Oorspronklike en kreatiewe inleiding en slot; feite uitsonderlik uiteengesit. Taal: Puik
4 punte	Struktuur: Goeie inleiding en slot; feite sinvol uiteengesit. Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog.
3 punte	Struktuur: Geen inleiding of slot nie; feite verstaanbaar uiteengesit. Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed.
2 punte	Struktuur: Geen inleiding of slot nie; opstel hortend en vloei nie. Taal: Oormatige taalfoute.
1 punt	Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend. Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar.

[25
]**D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B**

VRAAG 5: 20; VRAAG 6: 20 ÷ 2 = 10

KRITERIA INHOUD BEPLANNING STRUKTUUR	UITSONDERLIK					KNAP			VOLDOENDE					ELEMENTÊR				ONVOLDOENDE							
	12	11½	11	10½	10	9½	9	8½	8	7½	7	6½	6	5½	5	4½	4	3½	3	2½	2	1½	1	½	
	100%	96%	92%	88%	83%	79%	75%	71%	67%	63%	58%	54%	50%	46%	42%	38%	33%	29%	25%	21%	17%	13%	8%	4%	
1. Respons en idees	1. Uitsonderlike hantering van tipe teks; opdrag volwasse uitgebrei met intelligente idees ; skryfstuk behou fokus.					1. Goeie hantering van tipe teks; opdrag goed benader met goeie idees ; skryfstuk behou fokus.			1. Voldoende hantering van tipe teks; idees gewoon en soms nie gefokus nie.					1. Swak hantering van teks; opdrag onsuksesvol benader met elementêre idees ; kom nie by die punt uit nie.				1. Geen kennis van kenmerke van dié soort teks nie; inhoud maak weinig sin; mistasting .							
2. Organisering van idees; vloei van leesstuk	2. Uitstekende samehang van idees en gemaklike vloei van teks .					2. Goeie samehang van idees en teks vloei .			2. Leesstuk minder vloeiend .					2. Leesstuk hortend .				2. Leesstuk baie onsamehangend .							
3. Struktuur – Inleiding, slot, paragrafering (12)	3. Struktuur gepas .					3. Struktuur gepas .			3. Struktuur oorwegend gepas met enkele foute .					3. Struktuur toon ernstige foute .				3. Struktuur onvanpas .							
TAAL, TOON EN STYL	8	7½	7			6½	6	5½	5	4½	4			3½	3			2½	2	1½	1		½		
	100%	94%	88%			81%	75%	69%	63%	56%	50%			44%	38%			31%	25%	19%	13%		6%		
1. Toon, register, styl.	1. Toon en register in die kol .					1. Toon en register effektief .			1. Toon en register gepas .					1. Toon en register nie altyd gepas nie .				1. Toon en register onvanpas .							
2. Grammatika	2. Grammatika feitlik foutvry , puik woordeskat ; lees vlot; puik kommunikasie ; geen tweede lees nodig nie .					2. Sinne oorwegend goed gekonstrueer; goeie woordeskat ; enkele ernstige foute; kommunikasie goed. Lees maklik .			2. Heelwat ernstige taalfoute maar belemmer nie betekenis nie ; leermes in woordeskat; enkele Engelse woorde.					2. Taalfoute belemmer betekenis ; woordeskat swak; Engelse woorde en verkeerde woordkeuses.				2. Besaai met taalfoute ; betekenis verwarrend ; woordeskat swak of oorwegend Engels; onmoontlik om te lees en te korreger.							
(8)																									